# Bykomende halfjaareksamen

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde verskaf vir die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf die korrekte letter (A – D) op jou antwoordblad.

1.1.1 ŉ ... word gebruik om die sterktes en swakhede van ŉ besigheidsidee uit te ken. (1)

A sakeplan
B bemarkingsplan
C SWOT-ontleding
D PESTLE-ontleding

1.1.2 ŉ ... word gebruik om te verseker dat die gehalte van ŉ produk konsekwent is. (1)

A SWOT-ontleding
B bemarkingsplan
C produkspesifikasie
D produkontleding

1.1.3 ŉ Handelsmerk is ŉ ….. (1)

A handelsnaam wat verwoord kan word.
B handelsnaam wat op die produk aangedui word.
C naam of simbool wat geregistreer is.
D simbool wat verteenwoordig word deur ©.

1.1.4 ... word ŉ stille verkoopman vir selfdiensinkopies (1)

A Etikettering
B Verpakking
D Beeld
E Produknaam

1.1.5 Die verkoopprys word bereken deur ŉ winsopslag by die finale koste van die produk te voeg. (1)

A Aanvraaggebaseerde prysstrategie
B Mededingingsbebaseerde prysstrategie
C Kostegebaseerde prysstrategie
D Produktiwiteit

1.1.6 Direkte verkope is wanneer ŉ vervaardiger … (1)

A direk aan die groothandelaar verkoop.
B hulle eie winkels gebruik om hulle goedere te verkoop.
C mense betaal om die produkte in winkels te demonstreer.
D direk aan kleinhandelaars verkoop.

1.1.7 Die ... is die spesifieke groep verbruikers wat die waarskynlikste die produk of diens sal koop. (1)

A teikenmark
B mark
C mededingende voordeel
D klantebasis

1.1.8 Volhoubare winsgewendheid is wanneer ŉ besigheid daartoe in staat is om …. (1)

A al die vervaardigde produkte te verkoop.
B langtermyndoelwitte het om die besigheid te laat groei.
C hulle gelykbreekpunt bereik.
D hulle beste verkoopscenario bereik.

1.1.9 Watter van die volgende voedsels moet vermy word deur mense met ŉ onverdraagsaamheid vir gluten? (1)

A Graanvlokkies
B Pasta
C Rys
D Sojabone

1.1.10 Mense met ŉ onverdraagsaamheid vir laktose mag moontlik ….. kan verdra. (1)

A karringmelk
B kaas
C room
D melk

1.1.11 ŉ Persoon met ŉ liggaamsmassaindeks van 23 …. (1)

A is ondergewig.
B het ŉ normale gewig.
C is oorgewig.
D is vetsugtig.

1.1.12 Watter van die volgende styselvoedsels sal die bloedsuikervlak die vinnigste laat styg? (1)

A Basmati-rys
B Koeskoes
C Stampmielies
D Witrys

1.1.13 Watter van die volgende tipes bymiddels mag ŉ negatiewe invloed op kinders hê? (1)

A Kleurstowwe
B Emulsifiseerders
C Stollingsmiddels
D Stabiliseerders

1.1.14 E-nommers op voedseletikette dui op ... (1)

A bestanddele wat alle veiligheidstoetse geslaag het.
B bymiddels wat voedingkundige waarde het.
C bymiddels wat deur die Europese Voedselveiligheidsagentskap goedgekeur is.
D allergene.


1.1.15 Vir kinders wat allergies is vir melk moet spesiale pogings aangewend word om voldoende hoeveelhede van die volgende voedingstof in te sluit: (1)

A Vet
B Vitamiene C
C Yster
D Kalsium

1.1.16 ʼn Hoë standaard van konstruksie is ʼn kenmerk van (1)

A alle modes.
B modegiere.
C neigings.
D haute couture.

1.1.17 Die grafiek hieronder verteenwoordig:. (1)




A ʼn klassieke kurwe
B ʼn gemiddelde modekurwe
C ʼn gierkurwe
D ʼn heersende modekurwe

1.1.18 Maer klinknaelbroeke is beide ... (1)

A hoogmode en ʼn modeneiging.
B hoogmode en massamode.
C ʼn klassieke styl en massamode.
D ʼn klassieke styl en modegier.

1.1.19 Bekommerde verbruikers verkies om kledingstukke te koop wat ŉ 'Fair Trade'-logo vertoon soortgelyk aan die een hierbo, omdat ...

A die goedere van klein, onafhanklike vervaardigers af kom.
B geen sintetiese insekdoders gebruik is in die verbouing (van die grondstof) nie.
C werkers kompeterende lone betaal word en onder goeie toestande werk.
D die produkte in ŉ ontwikkelende land vervaardig is. (1)

1.1.20 Kies die faktor wat ŉ modeverandering sal aanhelp.
A Geloof
B Nanotegnologie en die nuutste tekstiele
C Wetgewing
D Ekonomiese resessie (1)
[20]

1.2 Kies die definisie in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters langs die nommer van die vraag (1.2.1–1.2.5) neer

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Vaste koste | A | Koste verander soos die getal produkte styg of daal |
| 1.2.2 | Bruto wins | B | Die prys om een item te vervaardig. |
| 1.2.3 | Produksiekoste | C | Die koste bly dieselfde en verander nie indien die getal produkte wat vervaardig meer of minder word nie |
| 1.2.4 | Veranderlike koste | D | Die totale koste om ŉ spesifieke getal produkte te vervaardig |
| 1.2.5 | Prysverhoging | E | Die wins wat gemaak word voordat bokoste en ander koste afgetrek is. |
| | | F | Die bedrag wat by die kosprys gevoeg word. |

[5]

1.3 Identifiseer VIER faktore wat geredelik beskikbaar moet wees wanneer ŉ produk gekies word vir kleinskaalse vervaardiging:
A verkoopspersoneel
B werkruimte
C grondstowwe
D finansiële hulpbronne
E geskoolde werkers
F verbruikersbyval (4)

1.4 Identifiseer DRIE risikofaktore uit die lys hieronder vir die ontwikkeling van osteoporose. Skryf slegs die korrekte letter (A□F) op jou antwoordvel neer.

A Anoreksie
B Dieet hoog in vet
C Hoë soutinname
D Lae inname van rooivleis
E Swak inname van melk en melkprodukte
F Vroue met ŉ maer liggaam (3)

1.5 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf die term langs die nommer op die antwoordvel neer.

1.5.1 ŉ Ongunstige reaksie op kos wat nie die immuunstelsel betrek nie
1.5.2 ŉ Stelsel waarvolgens koolhidrate gerangskik word volgens die snelheid waarteen hulle hul energie in die liggaam vrystel
1.5.3 ŉ Stof wat by voedsel gegooi word om die smaak, aroma, kleur, tekstuur of voorkoms te versterk of te verbeter
1.5.4 Die siekte waar bene swak en bros word en maklik breek
1.5.5 Die proses waarvolgens wetenskaplikes ŉ individuele geen wat verantwoordelik is vir ŉ verlangde kenmerk uitken, dit onttrek, dit kopieer en die kopie in ŉ ander organisme invoeg
1.5.6 Die wit wasagtige stof wat slagare mag verstop
1.5.7 Toestand van oormatige vetheid
1.5.8 Veroorsaak dat die hartspier verdik en die slagare rek

[40]

## VRAAG 2: ENTREPRENEURSKAP

2.1. LYS drie onderdele van ŉ bemarkingsplan. (3)
2.2 Definieer ŉ teikenmark (3)
2.3 Lys TWEE vereistes vir ŉ goeie advertensie. (2)
2.4

*Marisa en Peter het pas ŉ kursus van drie jaar in mode-ontwerp voltooi. Hulle het besluit om te begin kraamdrag maak aangesien daar min op die mark is wat inspirerend is. Na twee jaar het Peter en Marisa se besigheid baie suksesvol geraak. Sommige van die kledingstukke kom egter terug met foutiewe stikwerk of die materiaal rek na die eerste was. Een kledingstuk wat ŉ ruk lank gebêre was, het gate wat deur vismotte gemaak is, gehad. Daar is meer kompetisie in die mark en hulle moet maniere vind om meer klere te verkoop om hulle winsvlakke te behou.*

2.4.1 Noem TWEE komponente van ŉ ekonomiese lewensvatbaarheidstudie en verduidelik hoe elkeen nodig is om die sukses van hulle besigheidsidee te verseker. (2 × 5)
2.4.2 Hulle wil self hulle klere maak. Hoe sal beplanning hulle help om die besigheid te laat groei sodat hulle meer mense in diens kan neem? (5)
2.4.3 Stel voor hoe hulle kan verseker dat hulle besigheid se wins volhoubaar is. (5)
2.4.4 Verduidelik korrekte bergingsprosedures ten einde sommige van hulle probleme op te los. (4)
2.4.5 Bespreek die noukeurige beheer oor finansies en maak voorstelle hoe dit hulle wins kan verhoog. (5)
2.4.6 Kan jy ander maniere voorstel, anders as om meer produkte te verkoop, hoe hulle hulle wins kan verhoog? (4)
2.5 Identifiseer en beskryf DRIE vereistes vir die vervaardiging van produkte van hoë gehalte. (6)
2.6 Hoe sal ŉ mededingende voordeel hulle help om meer klante te lok? (3)
2.7 Bespreek produkspesifikasies as ŉ manier om volgehoue gehalte te verseker. (3)
2.8 Stel TWEE bemarkingsmetodes vir hulle produkte voor om hulle verkope te verhoog. (2 × 4)
2.9 Vergelyk eie en geleende geld as ŉ bron van finansiering vir ŉ besigheid. (4)

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Verduidelik hoe die voedingkundige inligting op ŉ etiket voordelig kan wees vir verbruikers. (4)

3.2 Vomering en diarree is simptome van baie voedseloorgedraagde siektes. Stel SEWE riglyne voor wat ontwatering kan help voorkom of bestuur. (7)

3.3.1 Lys die voordele van ŉ gesonde eetpatroon vir mense wat met MIV/vigs leef (4)

3.3.2 Kies uit die lys hieronder VIER voedsels wat die immuunstelsel ten beste sal versterk en gee ŉ rede vir elke keuse. (8)
Lys:
Grondboontjiebotter; Konfyt; Botter; Koejawels; Appels; Pampoen; Komkommer; Blaarslaai; Semelvlokke; Graanvlokke

3.4 Stel vir elke dis hieronder ŉ alternatief voor wat meer geskik sal wees vir ŉ persoon wat gewig moet verloor. Die alternatief moet soortgelyk wees aan die dis. (7)

3.4.1 Gebakte eier
3.4.2 Omelette met vleis en cheddarkaasvulsel
3.4.3 Broodrolletjies
3.4.4 Diepgebraaide aartappelskyfies
3.4.5 Kolwyntjies (Muffins) met sjokoladevlokkies
3.4.6 Pizza met salami en Tussers-kaas

3.5 ŉ Bekende kleinhandelaar in Suid-Afrika het die volgende uittreksel in ŉ advertensie gepubliseer. Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Nog organiese keuses<br>Ons is die eerste kleinhandelaar wat vir jou organiese produkte aanbied en nou bring ons vir jou die grootste keuse van organiese voedsels wat so goed vir jou is soos vir die planeet. |

Evalueer die stelling 'Organiese voedsels wat so goed vir jou is soos vir die planeet' krities. (15)

3.6 Bestudeer die lys van bestanddele vir die resepte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **Resep A** | **Resep B** |
|---|---|
| Spaghetti Carbonara | Spaghetti met wit bone en tamaties |
| Bedien 4 | Bedien 4 |
| 400 g spaghetti | 400 g spaghetti |
| 4 repies spek | 1 blikkie wit bone |
| 30 ml olie | 30 ml fyngekapte vars mentblare |
| 3 eiers | 15 ml suurlemoensap |
| 45 ml room | 1 huisie knoffel, fyngekap |
| 100 g fyngerasperde Parmesaankaas | 250 ml / 140 g kersietamaties in die helfte gesny |
| Gekapte grasuie | 45 ml olyfolie |
| 2 huisies knoffel | 15 ml suurlemoenskil |
| Sout en varsgemaalde peper | Sout en varsgemaalde peper |

3.6.1 Evalueer beide resepte in terme van hulle geskiktheid vir ŉ persoon met diabetes. Kies die resep wat die beste keuse sal wees vir die persoon met diabetes. (8)

3.6.2 Evalueer beide resepte in terme van hulle geskiktheid vir ŉ persoon met hoë cholesterolvlakke. Kies die resep wat die beste keuse sal wees vir die persoon met hoë cholesterolvlakke. (12)
[70]

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Verduidelik hoe die faktore hieronder genoem die beskikbaarheid van mode-items vir Suid-Afrikaanse verbruikers kan bespoedig.

4.1.1 Verhoogde beweeglikheid (3)
4.1.2 Verspreidingsmetodes (3)
4.1.3 Kommunikasie (3)

4.2 Tienermodes, kooppatrone en besluitneming verskil van dié van volwassenes.
Bespreek die stelling. (6)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Voor 1850 ('n baie algemene datum), is die meeste klere volgens maat gemaak, òf tuis òf deur middel van 'n bestelling wat by 'n kleremaker of snyer geplaas is. Die laaste opsie was gewoonlik net oop vir diegene wat dit kon bekostig om te betaal vir die arbeid en materiaal van 'n professionele persoon, wat mode 'n prerogatief van die ryker klasse gemaak het. Die massaproduksie wat kenmerkend is van die 20ste eeuse modebedryf, maak staat op drie faktore, waarsonder die bedryf nie sal bestaan, soos ons dit vandag ken, nie: die opkoms van die fabriekstelsel van die industriële rewolusie, die uitvinding van die tegnologieë wat die tyd wat dit neem om materiale en kledingstukke te maak (bv. die naaimasjien en weeftoestel) en die opkoms van kapitalisme. 'n Ander faktor wat belangrik is in die skepping van moderne modebedryf is die verkoopplatform wat mode-items toeganklik maak vir die mark (te wete afsetpunte en kleinhandelaars).
>
> Bron: www.fashionweg.co.za

Verduidelik, met die hulp van die inligting in die uittreksel, hoekom modes nou vinniger verander as in 1850. (10)

[25]

**Groottotaal: 200 punte**

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

# Bykomende halfjaareksamen-memorandum

## VRAAG 1: KORT VRAE

1.1.1 C✓
1.1.2 C ✓
1.1.3 C ✓
1.1.4 B ✓
1.1.5 C ✓
1.1.6 B ✓
1.1.7 A ✓
1.1.8 B ✓
1.1.9 B ✓
1.1.10 B ✓
1.1.11 B ✓
1.1.12 C ✓
1.1.13 A ✓
1.1.14 C ✓
1.1.15 D ✓
1.1.16 D ✓
1.1.17 C ✓
1.1.18 D ✓
1.1.19 C ✓
1.1.20 B ✓

1.2.1 C
1.2.2 E
1.2.3 D
1.2.4 A
1.2.5 F
1.3 B, C, D, F
1.4 A ✓
E ✓
F ✓
1.5.1 Allergie ✓
1.5.2 Glukemiese indeks ✓
1.5.3 Bymiddel ✓
1.5.4 Osteoporose ✓
1.5.5 Genetiese modifisering/manipulasie ✓
1.5.6 Cholesterol ✓
1.5.7 Vetsug ✓
1.5.8 Hoë bloeddruk (hipertensie)

## VRAAG 2: ENTREPRENEURSKAP

2.1 Produk, Prys Plek, Persone, Promosie (3 × 1)
2.2 Die spesifieke groep mense ✓ wat die goedere sal koop ✓en op wie die advertensies gemik is. ✓ Hulle behoeftes moet geidentifiseer word. ✓ (maks 3)
2.3 Trek aandag, ✓ wek belangstelling, ✓skep ŉ vraag, ✓ lei tot aksie✓ (enige 2)
2.4.1 Aanvangskapitaal: ✓ is die totale bedrag wat benodig sal word ✓om ŉ besigheid te begin ✓en om dit in stand te hou totdat die besigheid homself kan onderhou . ✓ Identifiseer die belangrikste kostes wat eerste betaal of gekoop moet word. ✓ (5)
Produksiekoste:✓ Dit is al die koste wat betrokke is✓ by die vervaardiging van goedere. ✓Dit sluit veranderlike koste ✓ vaste koste✓ en bokoste in. ✓ (5)
Veranderlike koste✓ Hierdie koste verander✓ soos die hoeveelheid goedere wat vervaardig word, verander. ✓ Dit sluit alle koste in wat direk verband hou met die werklike vervaardiging van die goedere✓ bv. grondstowwe✓ en fabrieksarbeid✓ (maks 5)

Vaste koste: ✓ Hierdie koste bly dieselfde selfs ✓ as produksiegetalle verander. ✓Dit hou nie verband met die vervaardiging van goedere nie✓ bv. huur, ✓ versekering✓ (maks 5)

(enige 2 × 5)

2.4.2 Beplanning is belangrik omdat dit die doeltreffende gebruik van materiale✓ en menslike hulpbronne help verseker. ✓Produksiedoelwitte sal verseker dat alle bestellings betyds uitgevoer word. ✓ Beplanning van produksiekoste ✓beteken dat die besigheid akkurate syfers sal hê ✓ om te verseker dat die verkoopprys korrek bereken word . ✓Dit sal lei tot aanvullende verkope✓ en verhoogde produksie en personeel. ✓ (maks 5)

2.4.3 ŉ Besigheid moet slim te werk gaan✓ en moet lang- en korttermyndoelwitte hê✓ om volhoubare winsgewendheid te verseker. ✓ ŉ Besigheid kan nie stagnant bly nie, dit moet groei om volhoubare winsgewendheid te verseker. ✓ Hierdie besigheid erken dat die behoeftes van klante en die omgewing sal verander✓ en maak planne om by hierdie veranderinge aan te pas. ✓ Langtermynbeplanning verseker dat die besigheid sy geleenthede ten beste benut✓ en moontlike bedreigings herken. ✓ (maks 5)

2.4.4 Minimum -en maksimumvoorraadvlakke moet bepaal word. ✓Dit sal verseker dat die besigheid nie uit voorraad sal raak nie✓ of dat te veel geld in voorraad opgesluit word. ✓Daar moet voldoende ruimte wees vir voorraad✓. Dit moet so geberg en gerangskik word sodat goedere wat dikwels gebruik word vinnig bereik kan word. ✓ Ontwikkel goeie prosedures vir ontvangste en versendings. ✓Gebruik korrekte temperature om voorraad op te berg✓ bv. in koel- of vrieskamers ✓ (maks 4)

2.4.5 Finansiële beheer is noodsaaklik vir die doeltreffende vervaardiging van gehalteprodukte. ✓ Die kosprys moet noukeurig bereken word. Vermorsing moet verminder word omdat dit koste verhoog.
Die kosprys moet so laag as moontlik gehou word sonder om gehalte te beïnvloed. Hoe meer goedere vervaardig word✓hoe meer wins word gemaak. (maks 5)

2.4.6 Verlaag die produksiekoste✓verhoog die hoeveelheid goedere wat in dieselfde tydperk vervaardig word ✓verseker dat die masjiene en menslike hulpbronne doeltreffend gebruik word✓Stel begrotings op om te verseker dat geen afdeling onnodig geld mors nie.✓ (maks 4)

2.5 Goeie beplanning ✓beteken produksie sal doeltreffend wees✓
– Om by spesifikasies te bly✓beteken dat die gehalte konsekwent sal wees✓
– Gehaltebeheer ✓voor en na produksie sal vermorsing beperk✓
– ŉ Netjiese werksplek✓sal ongelukke en swak produksiegehalte beperk✓
– Higiëne van werkers✓is belangrik vir gesondheid en veiligheid en sorg dat produkte nie besoedel word nie. ✓
– Beheer oor finansies verseker dat daar genoeg geld is om die regte hoeveelheid grondstowwe te koop.

(enige 3 × 2)

2.6 Die mededingende voordeel sal klante lok omdat die produk of diens beter sal wees ✓as ander soortgelyke besighede of dienste. ✓Dit verhoog bewustheid van die handelsmerk en ook publisiteit✓ wat verkope verhoog. ✓ (maks 3)

2.7 Produkspesifikasies is geskrewe beskrywings van ŉ produk✓. Die moet alles insluit sodat elke groep of produk voldoen aan hierdie spesifikasie. ✓ Dit lys die grondstowwe, hoe dit gemaak is, beperkings, groottes en voorkoms. ✓ Die sluit ook besonderhede in oor die toerusting wat gebruik sal word. ✓ (maks 3)

2.8 Reklame, publisiteit, ✓ direkte verkope, ✓ gebruik van ŉ middelman, groothandelaar of kleinhandelaar. ✓ (maks 2)
Nota: Dit is aanvaarbaar indien die leerders die advertensiemedia noem, bv. advertensie, radio, televisie, reklameborde, ensovoorts.

2.9 Eie kapitaal is wanneer die eienaar sy eie geld gebruik✓ of geld leen in sy persoonlike hoedanigheid. ✓ Die beloning vir eie kapitaal is wins. ✓ (maks 2)
Geleende kapitaal word van ŉ bank of finansiële instelling geleen✓. Die moet oor ŉ spesifieke tydperk terugbetaal word. ✓ (maks 2)

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Die voedingsinligting per 100g ✓stel verbruikers in staat om verskillende produkte te vergelyk. ✓
Die voedingkundige inligting per porsie help die verbruiker om te bepaal hoeveel kilojoules ✓ en voedingstowwe✓ hulle werklik inneem.
Die porsiegrootte in 'n riglyn van hoeveel van spesifieke produk geëet behoort te word. ✓ (enige 4)

3.2 Hou 'n paar uur op om vaste kos te eet ✓ Drink helder vloeistowwe ✓ Tuisgemaakte vloeistof vir rehidrasie kan gemaak word ✓ Indien vloeistof nie ingehou kan word nie, kan klein volumes ✓dikwels ingeneem word deur aan ys of ysstokkies te suig, of om klein slukkies vloeistof gereeld in te neem.
Voedsel wat ryk is aan oplosbare vesel✓, soos vrugte/hawer/bone/ertjies/lensies ✓ help om diarree te verminder omdat hulle die stoelgang bind. Begin weer stadig eet✓. Droë roosterbrood/jellie/piesangs/gerasperde appel/helder sop ✓ word gewoonlik goed verdra.
Vermy suiwelprodukte/kaffeïen/alkohol/vetterige/speseryagtige kosse. Rus✓ (enige 7)

3.3.1 Versterk die immuunstelsel ✓ Help om infeksie te bestry ✓ Vertraag die ontwikkeling van volwaardige VIGS ✓ Verbeter welstand/voel beter ✓ Verleng lewe ✓ (enige 4)
Voorgestelde antwoord:
Grondboontjiebotter : Hoog in proteïen / selenium/sink P wat die immuunstelsel versterk
Koejawels: Hoog in vitamien CP wat die immuunstelsel versterk
Pampoen: Hoog in vitamien A / betakaroteenP wat die immuunstelsel versterk
Semelvlokke: Hoog in selenium wat die immuunstelsel versterk (8)

- Geposjeerde / gekookte eier
- Omelet met groente/sampioen-vulsel
- Bruinbrood of heelkoring roosterbrood
- Oondgebakte aartappelskyfies / gebakte aartappel / gekookte aartappel
- Roosterkoekie met vesel
- Pizza met ham en mozerella / Edam-kaas (7)

3.5 Organiese voedsel word gekweek sonder kunsmis / insekdoders/onkruiddoders / groeimiddels en bymiddels by veevoeding. ✓✓ (enige 2)
Daarom sal organiese voedsel waarskynlik laer vlakke van reste van landbouchemikalieë bevat ✓ as voedsel wat op konvensionele wyse gekweek is. Dit is dus meer omgewingsvriendelik. Besoedeling word verminder: ✓ Die opeenhoping van voerkraalafval, mis en ander organiese afvalprodukte kan 'n ernstige besoedelingsprobleem wees. Organiese boere verwerk en gebruik afvalmateriaal deur dit terug te ploeg in die grond ✓. Dit kan egter nooit heeltemal vry wees van reste nie weens omgewingsbesoedeling. ✓ Organiese boerdery gebruik tradisionele boerderymetodes om die grond en plante gesond te hou, soos wisselbou✓. Dit is omgewingsvriendelik.
Omdat plante wat organies gekweek minder vatbaar is vir siektes ✓, is dit nie nodig om hulle te bespuit soos gewasse wat intensief verbou word nie ✓. Roofvyande word gebruik om skadelike insekte te beheer, in plaas daarvan om die gewasse met insekdoders te bespuit ✓. Gewasse word ook beskerm teen skadelike insekte deur spesifieke bosse of blomme te plant wat ongevraagde insekte of plae afweer ✓. Hierdie metode word begeleidende beplanting genoem✓. Dit is omgewingsvriendelik.
Organiese vlies mag met entstowwe behandel word ✓, maar mag nie groeiregulerende hormone, medikasie, steroïede of antibiotika gevoer word nie ✓. Vrylopende diere is gesonder as diere van 'n fabrieksboerdery en word nie antibiotika op roetinegrondslag toegedien nie ✓. Dit is gesonder vir die verbruiker ✓.
Daar is geen oortuigende wetenskaplike navorsing wat bevestig dat organiesgekweekte voedsel meer voedsaam is nie ✓. Navorsers het bevestig dat organiese voedsel dieselfde voedingstowwe en in dieselfde hoeveelhede as dieselfde nie-organiese voedsels bevat ✓.
Dit is gesonder ✓: Studies het getoon dat chemikalieë en insekdoders jou gesondheid kan benadeel✓.
Aan die ander kant dui wetenskaplike bewyse daarop dat die gesondheidsrisiko's wat met patogeniese

mikro-organismes geassosieer word baie groter is as die gesondheidsrisiko's wat geassosieer word met die inname van spore van insekdoders ✓. (enige 15)

Neem kennis: Die antwoord moet argumente bevat dat organiese voedsel goed is vir die verbruiker en die omgewing EN argumente dat dit nie noodwendig beter is nie.

3.6.1 Evalueer beide resepte in terme van hulle geskiktheid vir 'n persoon met diabetes. Kies die resep wat die beste keuse sal wees vir die persoon met diabetes. (8)

Pasta het 'n lae glukemiese indeks (GI) ✓en sal 'n goeie keuse wees vir 'n persoon met diabetes omdat glukose stadig in die bloedstroom vrygelaat word ✓.

Resep A is hoog in vet ✓wat nie geskik is nie omdat diabete 'n hoë risiko het vir hartvatsiektes ✓. Vet word voorsien deur die spek P, olie ✓, eiers ✓, room ✓ en kaas ✓.

Die wit bone / peulgewasse in resep B het 'n lae glukemiese indeks (GI) ✓ (moet nie 'n punt gee vir die verduideliking van GI en diabetes indien dit reeds vir pasta gegee is nie.)

Die tamaties in resep B het 'n lae glukemiese indeks(GI) ✓ (moet nie 'n punt gee vir die verduideliking van GI en diabetes indien dit reeds vir pasta gegee is nie.)

Resep B sal die beste keuse wees vir 'n persoon met diabetes. ✓ (enige 8)

3.6.2 Resep A: Spaghetti Carbonara

Het 'n hoë inhoud van versadigde vet ✓wat cholesterol verhoog ✓en gewigtoename mag veroorsaak ✓ Spek is hoog in vet P, room bevat versadigde vet, ✓ parmesaankaas bevat versadigde vet ✓ Eiers bevat cholesterol ✓

Resep B: Spaghetti met wit bone en tamaties

Bone bevat oplosbare vesel ✓wat cholesterolvlakke help verlaag ✓ Kersietamaties is 'n goeie bron van vitamiene C ✓, wat 'n anti-oksidant is ✓en help om die skade wat cholesterol in die bloedvate veroorsaak, te verminder ✓ Olyfolie is onversadig ✓ en word matig gebruik ✓. Onversadigde vet is beter vir hartgesondheid ✓.

Resep B. spaghetti met wit bone en tamaties is die beste keuse ✓ (enige 12)

## VRAAG 4: KLEDING

4.1.1 Verhoogde beweeglikheid: Mense wat weg van die huis werk/ meer reis ✓ is blootgestel aan verkillende modeneigings/kulture ✓ en ontwikkel dus verskillende kledingsbehoeftes✓ (3)

4.1.2 Verspreidingsmetodes: Vervoer is maklik – verskeping van ander lande ✓ goeie vervoer binne Suid-Afrika ✓koerierdienste is beskikbaar✓ kettingwinkels voorsien aan takke wat nie voorraad het nie✓ (3)

4.1.3 Kommunikasie: Media bv. tydskrifte, TV, internet vertoon die jongste modes✓Advertensies lig verbruikers in✓ Mondelingse kommunikasie✓ (3)

4.2 Tieners dra kledingstukke wat neig om hulle liggaam meer bloot te stel ✓ en meer uitlokkend is. ✓ Tieners dra dikwels goedkoper kledingstukke van kettingwinkels✓ en koop min klassieke, duursame kledingstukke. ✓ Hulle is ook baie bewus van handelsmerketikette en handelsmerke ✓ hulle sal meer waarskynlik een paar Nike skoene koop as drie paar sonder 'n handelsmerk hulle koop items om te voldoen aan die groep se beeld / druk van hulle portuurgroep✓ sommige/lae inkomsteverbruikers wat nie handelsmerketikette kan bekostig nie swig dikwels voor die versoeking om nagemaakte items te koop. ✓ (enige 6)

Dit stelsel van fabrieksproduksie P het gelei tot massaproduksie / produksie van meer klere✓ omdat dieselfde patrone en materiaal gebruik kan word om 'n groot getal klere te maak. ✓

Tegnologie ✓ soos die naaimasjien het gelei tot vinniger produksie ✓van klere omdat dit vinniger is om te stik as om met die hand te werk. ✓ Die weefraam het die vervaardiging van materiaal bespoedig. ✓

Kapitalisme ✓ het gelei tot 'n beter inkomste ✓vir middelklasmense, wat beteken dat meer mense nuwe klere kan bekostig ✓.

Afsetpunte en kleinhandelwinkels ✓ verkoop 'n groot verskeidenheid ✓ klere aan verbruikers. Hierdie afsetpunte en kleinhandelwinkels is toeganklike ✓vir verbruikers en mag klere teen redelike pryse/goedkoop verkoop✓. (enige 10)

**[25]**

**Groottotaal: 200 punte**